| Soek en vind ware rykdom! | Omgeegroepe | 19-25 Oktober 2014 |
|---|---|---|

**1. Lief en leed -** Deel met mekaar lief en leed asook wat jou Sondag met die eredienste getref het.

**2. Ingenooi in God se rus en tyd –** Wanneer ons stil word in stiltetyd, 'n omgeegroep of 'n erediens, is dit nie om God te nooi om tog by ons te wees nie, maar eerder die **erkenning dat ons (saam) in God se teenwoordigheid is!** Hy is klaar hier! Hy nooi ons in *sy teenwoordigheid* in. Word stil voor Hom en dank God dat Hy hier en nou by ons teenwoordig is!

**3. Luister na God se Woord -** Lees Psalm 16 eers in stilte en dan hardop deur. Waaroor gaan dit hier? Watter opskrif/te sou jy/julle aan hierdie gedeelte kon gee? Die psalm is 'n belydenis van die gelowige dat Hy op God alleen vertrou en geen afgode in sy lewe toelaat nie. Hy erken dat die Here vir hom sorg en 'n pragtige deel vir Hom afgemeet het. Die Here is sy lewe en daar is vir hom niks goeds nie behalwe by God!

**4. Luister na mekaar en die wêreld –** Dink na en gesels oor die samelewing en die wêreld vandag – op wie of wat vertrou mense en waarop bou mense hulle hoop en lewe? Geld of finansiële onafhanklikheid is sekerlik een van die belangrikste fokusse in mense se lewe. Die versekeringsmense praat deesdae selfs van "Welvaartbeplanning". Almal wil ryk wees – almal wil 'n huisie by die see hê – en elkeen sal sekerlik kan doen met 'n Miljoen – soos Lukas Maree sing. Baie mense jaag dit ook na – kyk maar hoe gewild is die Lotto-registers in ons winkels; *One day is one day...* Wat hou die 'rykdom' in wat mense najaag en bring dit aan hulle geluk? God se waardeoordeel hieroor is baie kras: "Wat deur mense as belangrik beskou word, is 'n gruwel voor God." (Luk 16:15). Die hartseer is dat dit nie eers ware rykdom is nie! "As julle dan nie betroubaar is in die hantering van die oneerlike Mammon nie, wie sal die ware rykdom aan julle toevertrou?" (Luk 16:11)

**5. Luister nou weer na die Woord –** Lees nou Lukas 16:10-15. Dit verwys na 'n baie pertinente en populêre afgod – selfs in vandag se tyd: Mammon! In Lukas 16 stel die Here sy dissipels en ons selfs voor 'n keuse tussen God en Mammon! "Julle kan nie God en Mammon dien nie!" Jesus stel Mammon voor as 'n baas – 'n eienaar. Iemand of iets wat jou besit en beheer! En jy hoef nie baie geld te hê nie; dit kan bloot die soeke en sug na geld wees wat jou vasbind! Wie of wat besit of beheer jou lewe? Toon jy integriteit t.o.v. jou geldsake? Kan God die ware rykdom aan jou toevertrou?

**6. Fokus op wat God doen –** Psalm 16 stel dit duidelik dat God ons Baas is – ons Besitter en Eienaar, maar Hy bind jou nie; Hy maak jou juis vry en versorg jou. Hy meet vir jou 'n pragtige deel af; op sy tyd en manier! God sorg steeds vir ons. Hy het nog nooit opgehou om dit te doen nie! Hy gee Homself – dit is tog wat ons in die Nagmaal vier – God se offer vir ons! God se ewige, onveranderlike trou! God wat vir ons gesterf het, sodat ons vir Hom kan lewe! Sodat ons makliker die keuse kan maak vir Hom en teen Mammon. Sodat ons onsself as heilige offers vir God kan gee, en alles wat ons is en het aan Hom kan toewy! Die Here is ons Lewe! Kan jy dit sê? Of jaag hebsug en spook skuld by jou en my?

**7. Antwoord met ons lewe** – Miskien moet ons 'n slag seker maak van ons keuse tussen God en Mammon – ons kan nie vir twee base tegelyk werk nie. Kom ons bevestig ons absolute keuse vir God wat vir ons sorg en 'n pragtige deel vir ons afmeet. En dan laat ons ons absolute fokus op Hom hoogty vier in ons lewe – ook wat ons geldsake en ambisies betref. Gee aan God wat Hom toekom!

**8. Bid nou saam:** Beantwoord in gebed eerlik voor God die vraag: Wie dien jy? God of Mammon?

- Dank God dat Hy vir jou en my sorg en dat Hy al vir 55 jaar vir ons gemeente sorg! Daarom kan ons 'n Lofofferfees (verjaarsdagfees) en Nagmaal vier!
- Bid vir jouself, jou geliefdes, julle groep, ons gemeente en die kerk van Jesus - dat ons offervaardigheid vir God aanneemlik sal wees en gaan gee aan God wat Hom toekom.
- Bid vir die tien jongmense wat vanaand belydenis van geloof aflê en onderneem om saam met hulle allereers God se koninkryk te soek!
- Dank God vir alles wat Hy aan jou toevertrou en gaan bestuur dit NAMENS Hom!